

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
eviljoen7@absamail.co.za
Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@isales.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

Oktober 2008 Nummer 72

INHOUDS OPGAWE

31 Oktober 1517 - Hervormingsdag	...1
'n Bedelaar vind rus	...3
Goddelike genesing	...5
Saam met al die heiliges	...8
Luister na die sleutel	...9
Geborgenheid	...11
Binnkort 'n ander kerklike prentjie?	...12
Die bouplan gaan voort (Nehemia 2)	...14

31 Oktober 1517 – Hervormingsdag

Luther se gebed kort voor sy sterwe

O my hemelse Vader, God en Vader van onse Here Jesus Christus.

U, God van alle troos, ek dank U dat U my u liewe Seun Jesus Christus geopenbaar het,

Hy in Wie ek glo,

Wie ek ook gepreek en bely het,

Wie ek bemin en gelo het,

Wie deur die ellendige pous en alle goddelose tot skande gemaak, vervolg en gelaster word.

Ek bid U, my Here Jesus Christus, laat my siel tot U kom.

O hemelse Vader, ook al moet ek hierdie liggaam verlaat en uit die lewe weggeruk word,

nogtans weet ek seker dat ek ewig by U sal bly

en dat niemand my uit u hand kan ontruk nie.

In die nagtelike ure van Woensdag op Donderdag (17 op 18 Februarie 1546) het die 62-jarige Maarten Luther sy doodstryd gestry. Sy 10 jaar jongere vriend, Justus Jonas, is geroep en het gekom om die sieke Luther by te staan in sy tog oor die “doodsjordan”.

Want, het die satan nie gereed gestaan om hierdie Christenkind te verslind nie? Vir hom was hierdie ’n magtige prooi!

Jonas roep Luther toe, terwyl hy amper weggesink het in bewusteloosheid: “Vereerde vader, wil u in die geloof in Christus sterf, en bly u trou aan die leer wat u in Sy Naam verkondig het?”

En... het die satan toe tog sy oorwinning behaal? Kon Luther in vrede sterf? Veilig in Jesus se arms?

Toe kom sy stamelende antwoord: “Ja”.

Meerdere getuies het dit gehoor. En Jonas het dit opgeskryf in die “outentieke berig” wat later die monde van baie vyande sou snoer wat gejuig het oor die dood van die hervormer.

Die duiwel het tevergeefs probeer. Dit was God wat Luther geroep het. En daar waar God roep, daar is sy grootste teëstander magteloos.

Hoe treffend het Luther hierdie sekerheid van die geloof in sy Klein Kategismus bely:

Ek glo dat ek nie deur eie krag of wysheid in Jesus Christus, my Heer, glo of tot Hom kan kom nie, maar dat die Heilige Gees my deur die evangelie geroep het... net soos Hy die hele Christenheid, die aarde, roep, versamel, verlig, heilig en by Jesus Christus bewaar deur die een ware geloof.

Hierdie Christenheid, waarbinne Hy my en alle gelowiges alle sondes ryklik vergewe, en waarbinne Hy op die Jongste Dag my en alle dooies sal opwek, en my saam met al die gelowiges in Christus die ewige lewe sal gee. Dit is waar en seker.

Op 18 Februarie 1546 sterf Maarten Luther in Eisleben, in die stad waar hy op 10 November 1483 gebore is. Die laaste woorde wat hy in hierdie lewe op ’n papiertjie neergeskryf het, was: “Ons is bedelaars. Dit is die waarheid”. Luther het rus gevind. Getroos het hy heengegaan, wetende hy is veilig in God se hand.

Die betekenis wat hy vir die kerke van die Reformasie gehad het, is groot. Wie ken nie die feit dat Luther in die middag voor Allerheiligen in 1517 sy 95 stellings aan die slotkapel in Wittenberg vasgespyker het nie? Vanuit Wittenberg is ’n geweldige beweging deur hom op gang gesit met pen en papier. Die boodskap van sy liedere, troosbriewe, traktate, stryd-geskrifte, lesings, preke en Bybelvertaling het orals deurgebring.

Doodsangs

Voordat Luther tot rus gekom het in die geloof, het hy geworstel met die werklikheid dat ons sterf. Die dood was vir hom ’n aanvegting gewees. Vrees vir die oordeel het hom in die somer van 1505 in die klooster ingedwing. Tydens hewige onweer het die weerlig hom rakelings gemis. Op die nippertjie het hy van die dood ontkom. In doodsangs het hy die heilige Anna aangeroep. Veertien dae na dié onweer klop hy aan die poort van ’n klooster in Erfurt. Die angsvir die dood en hel het hom daartoe gedryf om monnik te word. In die klooster bly die vuur van die hel hom agtervolg.

Alles berus op geloof. Geloof in God en nie vertrou in eie krag nie – dit is die antwoord!

Die oordenking van die vier uiterstes – dood, oordeel, hemel en hel, was daar (in die klooster) ’n vaste onderdeel van die vroomheidsoefening. Die dood was aansaanjaend en definitief. Dit bring ’n mens nader aan God se regterstoel. Doodsangs en angsvir God het by Luther baie sterk saamgeval. Al die antwoorde wat Luther vanuit die kerk op sy twyfel-vrae gekry het, het ontoereikend gebly. Tussen God en ons mense het hy die sondeskuld sien staan. Die wêreld gaan ’n groot afrekening tegin, die onthulling van God se majesteit in die eindgerig.

God is altyd besig om goeie dinge aan ons te gee,
maar ons hande is te vol om dit te ontvang

- Augustine

Luther het reeds van jongs af aan die angste vir die komende laaste gerig geleer. Middeleeuse afbeeldings en tekste het die mense op uiteenlopende maniere gekonfronteer met die menslike sterflikheid. Dit was altyd 'n konfrontasie in die lig van die Goddelike geregtigheid en die oordeel.

Op allerlei gravures en skilderstukke uit dié tyd, kom ons die dood teë. Voorgestel as 'n persoon, sit hy aan die voeteneind van die siekbed en wag. Daar waar die lewe tot 'n einde kom, sal die balans opgemaak word. Die sterfbed is beleef as die plek waar die duiwel en goeie magte met mekaar stry oor die siel van die sterwende. Hierdie skrikwekkende tekening van die eindtyd het 'n appèl gedoen op die angstevoel.

Luther wil rus in God, maar hy het ook geweet: ons verwarde gees moet telkens weer op die spoor na God geplaas word.

Die mense het gevrees vir die verwerping in die eindgerig. Om dit te voorkom, moes hulle met erns strewe na berou en boete. Deur boete en goeie werke word 'n vrome se dood moontlik. Tydens die oordeel sal die verdienste beloon word. Die hemel sou hiervolgens "verdien" kon word. Maar daar was geen waarborg nie.

Geloofsekerheid

Die boeke waaruit Luther daaglik gelees, gesing en gebed het, het konkrete voorstellings gegee van die plek waar die saliges woon. Die hemelse Jerusalem is voorgestel as 'n ommuurde stad, die stad van God. Die uitverkorenes geniet die salige aanskouing van God. Die uiteindelige bestemming van die mens was: om rus te vind by God. Maar wie waag dit om homself te reken by die skare van heiliges en saliges?

Hierdie voorstelling van die dood het Luther in sy greep gehou, totdat hy die genade van God ontdek het. Tydens die bestudering van die brief aan die Romeine het hy dit skielik verstaan: "Die regverdige sal uit die geloof lewe" (Rom. 1:17). Luther herontdek die Evangeliewoord, die blye boodskap. Jy hoef nie meer self vir die sondeskuld te betaal nie. Jy mag rus in die Woord van genade. Alles berus op geloof. Geloof in God en nie vertrou in eie krag nie – dit is die antwoord!

Luther het hierdie Woord vir baie mense nader gebring.

Tydens sy gedwonge verblyf in Wartburg vertaal hy in 'n kort tyd die Nuwe Testament in die taal van die volk. Later volg ook die Ou Testament. Vanuit die oortuiging dat die Skrif dié instrument is waarin God Hom aan die mense wil openbaar, het Luther vele gestimuleer om 'n Bybelvertaling in die volkstaal aan te skaf.

Deur sy uitleg van die Skrif is die mense se harte geraak. Hy is herken as die dokter wat die kern van die evangelie blootgelê het. Luther se aktualiteit lê veral daarin.

Christelike doodsbeleving

Teen die donker agtergrond van die laat-Middeleeuse doodsang, beteken hierdie verstaan van die kern van die Skrif, 'n deurbraak. Wat Luther oor die Christelike doodsbeleving gesê het, is verfrissend. Hy respekteer die angstevoel, hy verkleineer nie die dood nie. Maar die troos oorheers:

"Dit is 'n sterk aanvegting dat ons so jammerlik heengaan. Ons kan huil en ween en dit wat voor oë is, raaksien. Maar as ons goed daarvoor nadink, dan is dit nie 'n doodse graf nie, maar 'n skoon kruietuin waarin 'n mooi kruieplantjie gelê word. Op Paasfees sal dit te voorskyn kom".

Teenoor die afskrikwekkende beelde van dood, sonde en hel, plaas Luther geen verdiensteleer nie, maar die Persoon van Christus. Hy het Opgestaan, die Genadige, die Hemelse. Die dood mag benader word as 'n moeilike en tog ook blye gebeurtenis. Luther roep op om haar blymoedig te oorweeg. Die weg van die sterwe lei immers na God toe en bring ons by Hom. Hy staan by die nou poort, by die smal weg wat ons omhoog voer na die volle lewe.

Ons mag dit bly oorweeg, want die pad is wel baie smal, maar nie lank nie en dit voer na die ruimte. In vergelyking met die hemelse heerlikheid, is die aardse bestaan maar heel beperk. Sterwe is 'n nuwe geboorte wat ons in die ruimte plaas.

Goeie voorbereiding op die sterwe bestaan uit 'n gelowige aanvaarding van Woord en sakramente. Die kerk hou die mense soet met baie sakramentele seremonies. Volgens die gangbare sakramentsopvatting is die genade in die sakrament uitgestort. Dit het iets outomaties, iets uiterlik en formeel. Teenoor die sakramentekerk stel Luther die kerk wat leef volgens die beloftewoord en uit die geloof. Sakramente het geen outomatiese uitwerking nie, hulle krag lê in die onverdiende toesegging van God. In die sakramente staan die Woord sentraal, wat geloof vra. Deur dit so te stel, korrigeer Luther op fundamentele wyse die middeleeuse sakramentsleer én die kuns van die sterwe.

Many things I have tried to grasp, and have lost. That which I have placed in God's hands I still have

- M Luther

Die spel van Edijnghe

In die voorrede van sy vertaling van die Ou Testament haal Luther 2 Korinthiërs 3:7-9 aan. Hierdie gedeelte praat oor mense wat die wet in eie krag probeer vervul. Hulle bedek haar, omdat hulle haar aangesig nie kan verdra nie. Hulle vervul die wet slegs uiterlik. Maar as die wet werklik ontdek word, blyk dit dat al hul werke sondig is. Hierdie Bybelgedeelte wat vir Luther so sentraal was, vind ons weer terug in die sogenaamde *Spel van Edijnghe*. Dit behels 'n godsdienstige toneelspel van die “Rederijkerskamer” van Edijnghe, 'n plek in die sestiende-eeuse Suidelike Nederlande. Die spel is in 1539 voor die stadshuis van Gent opgevoer en, met nog agtien spele wat daar gehou is, vervolgens ook uitgegee. In 'n sentrale kwessie in die Reformasietyd moes die kamers kleur beken: hoe oorwin die mens sy twyfel en doodsangs? Wat is in sy lewe en sterwe die enigste troos?

Die spel van Edijnghe was opvallend afhanklik van Luther gewees. Dit was 'n spel van sonde, wet en evangelie; met geloof as kernwoord, heeltemal in die gees van Luther. Die spel stel die toeskouers voor 'n geloofskeuse. Die mens moenie vertrou op goeie werke, verdienste en deug nie. Die sentrale vraag is nie of jy wel genoeg gedoen het nie. Die Bybel hou die mens iets anders voor. Menslike prestasie sal nie hou voor die regterstoel van God nie. Die lewe gerig op 'n goeie dood is slegs moontlik vir die wat vertrou op die geregtigheid van Christus. Om dit te glo is die enigste, ware troos in lewe en sterwe.

Rus in die Woord

Luther se weg wat hy daaglik gevolg het, was die weg van luister en stil word by 'n Skrifwoord. Dit het hom tot gebed gebring. Bid is vir Luther om tot God te kom, maar ook tot jouself; buitentoe gaan, maar ook binnetoe; vra en roep, maar ook nadink en stil word. Maar altyd weer vanuit die Skrif. Dit is die vaste punt. Daaraan het hy homself telkens weer opgetrek. Hy sê self daarvoor die volgende:

“Ek weet nie hoe sterk ander in hulle gees is nie, maar so heilig kan ek nie word nie. Dit oorkom my tog maar altyd weer as ek sonder die Woord is (om nie daaraan te dink nie en geen omgang daarmee te hê nie), dat daar dan geen lus en geen gees is, dat Christus dan nie tuis is nie... Maar sodra ek 'n Psalm of 'n teks uit die Skrif neem en lees, dan begin dit te skyn en brand in my hart, sodat my instelling en my wil weer verander”.

Met so 'n opmerking gee Luther 'n eerlike kyk op homself. Omgang met God vereis ons hart, die kern

van wat ons is. Luther wil rus in God, maar hy het ook geweet: ons verwarde gees moet telkens weer op die spoor na God geplaas word. Deur die Skrif het hy hom aangesproke gevoel deur 'n barmhartige en genadige God. Hierdie sekerheid het hom 'n rustige gewete geskenk. Juis in die openheid na God se Woord toe, kom sy bestaan tot rus.

Die doop: die gesig van God

Geloof verloop nie outomaties by Luther nie. Om in die Christus van die Skrifte te glo, is nooit 'n saak van 'n 'koue', uiterlike geloof nie. Dit geld ook vir die verkryging van 'n houvas op die sigbare Woord, die doop. Die manier waarop Luther oor die doop geskryf het, raak die innerlike. Hy omskryf die doop as die gesig van God. Ons hoor in die doop God se stem. Hy praat persoonlik met ons. Met al ons aanvegtinge in ons lewe is Hy by ons. In die arena waar ons die geloofstryd stry, kan die doop ons help. Luther noem dit: “'n Burg teen al die aanvegtinge”. Hy sien die doop as 'n deur God gegewe skuilplek, waar sondige mense Hom veilig mag ontmoet.

Luther het die mense wat met aanvegtinge lewe, teruggedroep na hulle doop: “As iemand in sonde val, moet hy des te meer oor sy doop dink. Hoe God met hom 'n verbond gemaak het om hom al sy sondes te vergewe. Hy moet wel tot sy dood bly veg teen die kwaad. 'n Mens moet vrymoedig durf vertrou op hierdie verbond met God. Die doop kom immers opnuut in werking en dan met krag. Hierdie vertrou moet 'n mens kragtig vashou, ook al stry alles teen hom en val alle sonde hom aan”.

Ons hele lewe is 'n lewe in die doop. Die Christelike lewe is 'n voortdurende terugkeer en 'n gerig wees op die doop.

Ons mag altyd terugval op ons doop. Luther het gesê: “Ek glo in Christus, al sien ek Hom nie. Ek sien nou ook nog weinig of niks van wat Hy belowe het. Ek voel eerder die teenoorgestelde. Maar ek moet bly stry en veg teen wantroue en twyfel. Ek het immers Sy doop, die troos van die woord van vergewing”. Ons moet die feit dat ons gedoop is, dan ook nie opsluit in die verlede nie. Luther sê: “Ons hele lewe is 'n lewe in die doop. Die Christelike lewe is 'n voortdurende terugkeer en 'n gerig wees op die doop. Die een wat sy doop nie gebruik nie, mis ook die krag daarvan”.

Om te bid verplig

- K Schilder

Teenwerkinging

Luther beleef sy roeping in die breedte van God se skepping en van die menslike samelewing. Hy druk dit kernagtig uit: “’n Diensmeisie wat dien, ’n kneg wat getrou sy werk doen of ’n moeder wat haar kind in die wêreld bring, doen iets baie beter as ’n biddende monnik, wat net oog het vir sy eie inbeeldinge, terwyl die ander kyk na God se gebod en sy verordeninge”.

God het ons op hierdie aarde geplaas as mense van vlees en bloed. Ons mag hier asemhaal, voedsel eet, wortel skiet.

Luther het rus gevind. Getroos het hy heengegaan, wetende hy is veilig in God se hand.

Luther was bereid om rekenskap te gee van die geloof. Hy het nie die risiko’s wat dit meebring, ontwyk nie. Deur dit wat hy geskryf en geglo het, is hy voëlvry verklaar. Vroeër was hy selfs ’n duiwel genoem. ’n Spotprent uit dié tyd beeld hom uit waar hy by ’n kookpot staan. Hy berei kos voor, saam met die duiwel.

In aanvegtinge en teenkantings het Luther die krag van die bese ondervind. Maar hy het ook die teenkrag van God se Woord ervaar. Sy optrede het die reformasieproses in die Nederlande versnel. Die Reformasie word egter ook teengewerk. Die invloed van die man uit Wittenberg moes gestuit word. In Leuven, Antwerpen, Brugge en Gent is tientalle van sy boeke verbrand. Sommige vlug, ander herroep. Maar daar was ook dié wat standgehou het tot die einde toe. Die martelaarskap het realiteit geword. Eers in die Suidelike Nederlande: Hendrik Voets en Johannes Esch. In die somer van 1523 word hulle op die Groot Mark in Brussel lewendig verbrand. Hulle het die eerste martelaars van die Reformasie in die Nederlande en ook in Europa geword.

Toe Luther van hul teregstelling uitgevind het, reageer hy geskok. Volgens ’n ooggetuie gee hy te kenne: “Ek meen dat ek die eerste sou moes wees om vir die Heilige Evangelie gemartel te word. Ek is dit **egter** nie waardig geag nie”. Luther dank God tegelykertyd dat Hy Sy vrug van die Woord aan hom verskaf het. Aan die wat ontsteld op die teregstelling gereageer het, adviseer hy: “Moenie met satan twis nie, maar hou die oog gerig op Christus. Moenie daaraan twyfel dat hy deur die onskuldige Lam behou word nie”. Later sing hy ook daarvan: “’n Vaste burg is onse God, ons skuil in Hom die Sterke. Hy is ’n vesting in die nood, vir ewig staan sy werke”.

It is important to remember that culture does not give the church its agenda. All it gives the church is its context. The church’s belief and mission come from the Word of God. - DF Wells

Navolging as lewenshouding

Ons leef 450 jaar later. Baie bevind hulle in ’n voortdurende krisis om sin aan hulle lewe te gee. Hulle is eintlik nie meer regtig aan iets verbonde nie. ’n Werklike geloofwaardige wêreldbeeld moet aan die mense van ons tyd voorgehou word. Nie deur die herstel van die ou situasie nie. Die 20ste eeu is nie die 16de eeu nie. Daar is reeds ’n pad afgelê deur die tyd. God nooi ons uit om verder te gaan. Ons kan baie dinge agterlaat. Maar dit wat in die 16de eeu oor die navolging van Christus belewe is, het ook vir ons ’n boodskap. Luther is ’n indrukwekkende voorbeeld van Bybelse verset teen sy tyd. Onself leef in ’n situasie van groot ontwrigting, ’n God-vergetende tyd. Die oorgawe van Luther aan die Evangelie nooi uit tot eenvoudige getuieis, tot gelowige opstelling in woord en daad. Wie Christus navolg, staan in die wêreld van ’n barmhartige God. Genade hou ’n mens regop. Luther se geestelike testament, sy laaste nota: “Ons is bedelaars. Dit is die waarheid” is van groot belang, ook vir vandag.

Goddelike genesing

C Saayman

Dwarsdeur die Bybel waarsku die Gees ons teen *misleiding*. Wat is misleiding? Dit is wanneer die vyand hom voordoen as ’n engel van die lig en jy hom glo (2 Kor 11: 15). Die Heiland sê uitdruklik in Mattheüs 24:4 & 11: “Pasop dat niemand julle mislei nie, want daar sal baie valse profete kom en hulle sal baie mense mislei”.

Daar is vandag min gebiede in die kerklike lewe waar die misleiding só groot is as op die gebied van siekte en genesing. Wat die misleiding so subtiel maak, is dat daadwerklike wondergenesings dikwels skouspelagtig plaasvind en mense dan onmiddellik daarvan oortuig word dat dit die ware Gees is wat werk en dat die Waarheid daar teenwoordig is. Die menslike hart word baie maklik oortuig deur sigbare wonderwerke. Die menslike hart is egter nie so goed geoefen om die Waarheid vanuit die Skrif te onderskei nie – dikwels vanweë onkunde en luiheid. In Mattheüs 7:22-23 waarsku die Meester: “Op daardie dag sal baie mense vir my sê: ‘Here, Here, het ons dan nie deur *U Naam* baie wonders gedoen nie?’ Dan sal Ek vir hulle sê: ‘Ek het julle nooit geken nie.’”

Hoe kan ons onderskei wat die ware Bybelse leer oor siekte en genesing is? Hier volg enkele riglyne.

Wat leer die Bybel oor genesing?

Onder die begrippe “geloofsgenesing/ gebedsgenesing/ Goddelike genesing” word verstaan *genesing wat die Here onmiddellik gee in antwoord op gelowige gebed sonder die bemiddeling van die mediese wetenskap*. Dit word direk van God gevra en verwag (en selfs beveel) sonder menslike tussenkoms en gebruik van middels. Hierteenoor het die Bybel ’n veel breër visie. Volgens die Skrif *genees God met of sonder gelowige gebed, maar ook met of sonder die gebruik van geneesmiddels. In alle gevalle is alles onderworpe aan die soewereine wil van God*. Nêrens in die Bybel is daar enige aanduiding dat die Here Hom laat inperk tot sekere patrone of prosedures of voorwaardes nie. Die Bybel weet ook niks van ’n teenstelling tussen “natuurlike” en “bonatuurlike” genesings nie.

Hier volg enkele Skrifverwysings:

* Die genesings wat Jesus tydens Sy aardse bediening verrig het, was *tekens* waardeur Hy die mense laat sien het hóé die komende koninkryk sal lyk: geen sondes, siektes, demone, pyn, lyding, ens. nie. Sy genesings het die volgende kenmerke gehad: Dit was ongeorganiseerd en spontaan (Matt. 9:27); dit was onmiddellik en volledig; dit was só oortuigend eg dat selfs teenstanders nie die egtheid betwyfel nie (Joh 11: 47-49); dit het soms vanoor ’n afstand geskied (Luk 7:10); dit het in alle rus plaasgevind sonder reklame of “show” of ophef (Jesus verbied geneesdes om dit bekend te maak - Matt 9:30). Jesus het ook nooit álmal genees nie. In Nasaret slegs enkeles (Luk 4: 23-37). By Betesda-bad was daar menige siekes, maar Jesus rig Hom slegs tot één (Joh 5).

* Die Bybel is duidelik dat sowel gesondheid as siekte uit die hand van die Here kom. Sien Eks 15:26, Deut 32:39 en let op Job se woorde in Job 2:10. Volgens die Bybel kom siekte nie deur toeval of die sameloop van omstandighede nie. Ook nie deur die duiwel nie. Die duiwel is nie ’n god nie. Hy moes by God toestemming kry om aan Job iets te kon doen. Nie een haar val van ons hoof sonder die Vader nie (Matt 10).

* Soms vind genesing plaas in antwoord op geloofsvertroue en verwagting. Sien bv. Matt 9: 2-6, Mattheüs 15:28.

* Soms genees Hy wanneer daar van geen geloof sprake is nie. Hy genees byvoorbeeld duiwelbesetenes wat niks met Hom te doen wou hê nie (Matt 8:28 ev), asook die skares (Matt 4:24), asook die verlamde by Betesda (Joh 5).

* Soms gebruik Hy die gebed van die ouderlinge van die gemeente om siekes aan te raak (Jak 5: 14-15).

Opsommend: Die Bybel is daarvoor duidelik dát die Here genees en ook wil genees.

Is genesing altyd God se wil?

Ons weet dat sondevergifnis en verlossing áltyd God se wil is. Geld dit ook vir genesing?

Volgens Jesaja 53:4 het Christus ook ons siektes gedra. Dit beteken egter nie dat Hy dit plaasvervangend gedra het soos Hy ons sondes gedra het nie. Volgens 1 Petrus 2:24-25 het Hy ons *sondes* in Sy liggaam gedra. Niks word van siektes gesê nie. Ons siektes het Hy gedra om dit – op watter wyse ook al - weg te neem, maar ons sondes het Hy plaasvervangend gedra en dit sodoende verseker weggeneem.

Hierdie uitleg rym met die res van die Bybel waar geleer word dat gelowiges nie noodwendig gesond is nie. ’n Gelowige se gesondheid-na-die-siel is ’n moet, maar gesondheid-na-die-liggaam is ’n voorreg (3 Joh. 1:2). Paulus self verkondig die Woord as ’n siek mens (Gal 4:13) en worstel met ’n doring in die vlees (2 Kor. 12). Paulus se gebed vir Trofimius se genesing is nie verhoor nie (2 Tim 4:20).

Nêrens in die Bybel is daar enige aanduiding dat die Here Hom laat inperk tot sekere patrone of prosedures of voorwaardes nie.

Oor sake soos siekte is God se wil nie altyd aan ons bekend nie (Matt 8:2), en moet ons bid: “As U wil, kan U my genees”. Dit verraai geen twyfel nie, maar respek vir Sy soewereiniteit. Dit is verkeerd om te dink God spring wanneer ons praat. Dink aan Paulus se berusting in 2 Korinthiërs 12:8-9.

’n Ydele herhaling van woorde en om siekte “in Jesus Naam” te beveel om te vertrek is onskriftuurlik. Dit is heidens om te dink dat die herhaling van woorde God kan manipuleer (Matt 6:7). Sien ook 1 Kon.18:26-29.

Gebed en geloof is geen towerformules waarmee die Here oorgehaal word nie. God gee uit genade, nie verdienste nie. Mense het al ontvang ten spyte van kleingelowigheid (Mark 9:24), ongelowigheid (Luk 1:13-20), gebrek aan verwagting (Hand 12:5-16). God

Word ’n kerk misvorm, word dit sigbaar in haar barmhartigheid. Keer sy terug op die goeie spoor, dan herleef ook haar dienswerk. – JC de Moor

laat vind Hom soms deur mense wat nie na Hom vra nie (Jes 65:1).

Dit is dus verkeerd om aan 'n sieke te sê dat hy/sy nie genees word nie omdat hy nie goed genoeg glo nie of sondes akkommodeer en sodoende allerlei skuldgevoelens en eindelose selfondersoek op die persoon pak.

Genees die Here vandag nog siekes?

Die klinkklare antwoord is JA. Aan die Here alleen het ons ons gesondheid én genesing te danke. Een woord is vir Hom genoeg. Dit het Hiskia ervaar (Jes 38: 1-21). En Hy is vandag steeds dieselfde God (Hebr 13:8). Dat Hy genees, daarvoor bestaan geen twyfel nie. Hy doen dit met of sonder die geneeskundiges.

Die verband tussen sonde en siekte

Die Bybel lê 'n verband tussen die sondeval en siekte. Kragtens die sondeval lê daar 'n vloek op die skepping (Gen 3) en sug die skepping (Rom 8). Soms lê die Bybel ook 'n verband tussen persoonlike sonde en siekte (2 Kron 21:18-19; 26:16-21; Hand 12:22-23; 13:8-11). In dié gevalle moet die oorsaak opgespoor word en die probleem opgelos word. Verkeerde eetgewoontes kan bv lei tot hartkwale, dronkbestuur tot ongelukke. Weggesteekte sondes en bitterheid kan die liggaam aantas (Ps 32:3-5). In ander gevalle verklaar die Bybel dat daar géén verband tussen sonde en siekte is nie (Joh 9:1-3). Epafroditos word siek as gevolg van sy ywer vir die evangelie (Fil 2:25-30) en Timoteus worstel met herhaalde ongesteldhede (1Tim 5:23). Om dus sonde altyd as oorsaak vir siekte te sien, soos Job se vriende, is om verkeerd oor God te praat (Job 42:7).

Gebed en geloof is geen towerformules waarmee die Here oorgehaal word nie. God gee uit genade, nie verdienste nie.

Die grense van gebed-om-genesing

Die Skrif is daarvoor duidelik dat ons moet/mag bid om genesing (bv Matt 7:7; Jak 5). Maar gebedsverhooring word afhanklik gestel van 1 Joh 5:14: Om iets volgens Sy wil te vra. Die wil van God is soms vir ons verborge. God bly soewerein in Sy beskikkingsreg (Jes 45:15). Wanneer ons bid, mag dit met groot vrymoedigheid wees, in volle geloofsversekerdheid (Hebr 10:22), met 'n verwagting en met die aangryp

van God se beloftes (Jes 62:6). Daar is egter 'n grens wat nie oorskry mag word nie, naamlik die ondeurgrondelikheid van God se Raad – waarvoor slegs in aanbidding gebuig kan word. Só het Jesus self Hom onderwerp aan Sy Vader se hoër wil in Getsémané (Markus 14:36).

Die waarde van siekte

Ons mag nie siekte slegs as 'n vloek/nadeel sien asof gesondheid die hoogste goed op aarde is nie. Siekte het ook seën en waarde – binne die Raad van God. Dit dien die doel waartoe God dit toelaat. Daar kan bv 'n getuienis uitgaan van geloof, geduld, volharding, blymoedigheid, berusting en aanvaarding. Paulus se beproewinge het gelei tot die verdere verkondiging van die evangelie (Fil 1:12). In die skool van beproewing word lesse geleer wat in gesonde dae nooit geleer sou word nie. “Gelowig-siekwees” strek tot verheerliking van God (Jes 38:17) en is inbegrepe by die “alles” wat God ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet (Rom 8:28).

Hoe moet daar gedink word oor moderne geloofsgenesers?

Ons kan hier byvoorbeeld dink aan Benny Hinn en TB Josua. In die tipiese genesingsdienste wat gehou word, word die volgende elemente aangetref:

- * Reklame en sensasie (Jesus verbied geneesdes om die wonder bekend te maak);
- * Lang, uitgerekte en emosiebelaaide sang - atmosfeer wat doelbewus geskep word;
- * Nadruk op geld (Elisa weier om geld van Naäman te neem);
- * Siektes en demone word bestraf met 'n harde, eisende houding - die woorde “in die Naam van Jesus” word herhaaldelik soos 'n mantra geskreeu, mense val bewusteloos agteroor, ens.

Die kern van die geloofsgenesers se teologie is gewoonlik dat God geen siekte wil nie en dat alle siekte deur sonde en demone veroorsaak word en dat God aan almal genesing *wil* gee, maar onderworpe aan twee voorwaardes: **a)** die persoon moet sy sondes bely en **b)** die persoon moet genoeg geloofskrag hê.

Vind daar nie genesing plaas nie, word die skuld op die siek persoon óf sy familie geplaas. Die siek persoon word dus op hom/haarself teruggewerp vir resultate en nie op Christus nie. So ontstaan baie selfverwyt, skuldgevoel en sieklike selfondersoek. Geloof word gesien as 'n soort energie wat die mens besit. Dit is soos

**Religion is spelled “DO”,
biblical Christianity is spelled “DONE”**

'n toutjie waaraan die méns moet trek sodat God kan werk. Sodoende word God die mens se marionet.

Verder skuif die persoon van die geloofsgeneser tussen die Here en die siek persoon in as 'n soort middelaar/wondermens (oral pryk hul name en foto's). Vandaar die reise na TB Josua. In die lig van die vorige 6 punte, moet hierdie praktyke ten sterkste afgewys word. Die toets is nie óf daar werklike genesings plaasvind onder hierdie mense se bedienings nie, maar *uit watter bron* dit kom! Die bron moet die toets van die Skrif deurstaan.

Wat staan 'n gereformeerde gelowige te doen ten tye van siekte?

Die belangrikste is: Bid tot die Here in die vaste geloof dat vir Hom slegs één woord nodig is om volkome te genees. Want, dát die Here kan genees, staan soos 'n paal bo water. Ook deur wat ons noem 'n "mediese wonder". Ja, die vraag bly altyd óf Hy op hierdie moment wil genees. Die grootste rus vind 'n mens egter deur hierdie vraag vol vertroue in Gods hand te lê. Laat daar dus gebid word – tuis en in die gemeente en deur die ouderlinge (Jak 5:14-15). Maak ook gebruik van dokters (Matt 9:12) en geneesmiddels. In die geval van Hiskia het God hom met 'n woord genees, maar óók 'n geneesmiddel gebruik (Jes 38:21). Die fout van Asa was nie dat hy dokters geraadpleeg het nie, maar dat hy nie die Here geraadpleeg het nie (2 Kron 16:12).

Bo al: glo dat Jesus ons volmaakte en enigste Middelaar is wat diepe mededoë met ons swakhede het (Hebr 2:17-18). Hy is nie ver weg nie (Mat 28:20). Daarom hoef die siek gelowige nie lang reise te onderneem, wanhopig op soek na 'n geneser nie. Vou net gelowig jou hande en buig eerbiedig jou knieë voor die Heiland (Heelmaker).

Saam met al die heiliges

Oor die ekonomiese krisis

Kwaliteit van lewe?

(Carl Trueman, 2008)

So wie is verantwoordelik vir die huidige (ekonomiese) ramp? Ons almal is. Ons is almal deel van 'n wêreld wat mense steeds sterker leer dat waarde in die lewe eintlik in die aankoop en verbruik van goedere lê...

Nee, geeneen van ons as 'n individu dra al die verantwoordelikheid nie. Maar net soos elke groot gebeurtenis in die geskiedenis die gevolg is van makro-ekonomiese en sosiale kragte, en die gevolg is van ontelbare individue wat op 'n spesifieke manier optree, so is hierdie ramp ook 'n produk van ons tyd. Een waarin ons almal 'n hand gehad het. Ons is almal medepligtiges om 'n kultuur van materialisme te skep en te onderhou. Ons is almal deelnemers aan 'n wêreld wat, om onsinnige hoogtes van ekonomiese groei te bereik, onsinnige hoogtes van materiële aspirasies by mense aanwakker.

En laat ons nie vergeet nie, so 'n idee kan maklik aan 'n verlore mensdom verkoop word. Die gevolg is dan natuurlik dat gierigheid en hedonisme tot deugde verhef word, en dat kwaliteit van lewe gemeet word in terme van hoeveel ek kan verbruik in vergelyking met ander. Elke keer as jy die televisie aanskakel, is daar iemand wat jou in 'n advertensie vertel hoe onvolmaak jou lewe is. En dat dit onvolmaak is omdat jy nie hierdie voedselverwerker het, daardie motor of vakansie, hierdie tipe huis, ens nie. Die krediet-ontploffing (van 'n paar jaar gelede) is volledig deel van hierdie truuk wat die moderne verbruikers-samelewing op ons gespeel het, naamlik die idee dat die versameling van materiële dinge ons lewe betekenisvol maak. Hierdie krediet-ontploffing het die petrol voorsien vir die gemors waarin ons onself nou bevind.

Gierigheid

(Chuck Bentley, 2008)

Die grootste fout in al die nuusberigte, publieke debatte en politieke redevoerings oor die ekonomiese krisis is dat ek nog niks by die leiers gehoor het oor ons gesamentlike noodsaak om verder as onself na 'n oplossing te kyk nie, en ons tot God Almagtig te bekeer. As ek hoor hoe ons politieke leiers die wortel van die ekonomiese probleme identifiseer as "gierigheid", is dit asof ons vergeet het dat gierigheid en die gevolge hiervan 'n hart-probleem is, en nie 'n beleidsprobleem nie.

Die Skrif leer ons dat geld nie die oplossing is vir geldprobleme nie. Meer nog, dit sê dat hy wat lief is vir geld, nooit genoeg het nie, en dat die liefde vir geld die wortel van allerlei soorte euwel is. Geldprobleme is hart-probleme en kan slegs deur hartsbeking opgelos word.

"As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my

**'n Mens doen beter om vir jou naaste 'n penning te gee,
as om vir St. Petrus 'n goue kerk te bou**

- M Luther

aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees” (2 Kron 7:13-14).

Daaglikse brood

(B Luiten, 2008)

Tog is dit presies ons valkuil: dat ons die doeleindes vir die hier en nou te hoog stel! Die westerse mens wil alles hê, en hy wil dit nou hê. Massaal word hierop ingespeel deur die leweransiers en finansiers. Die een wil alles aan jou verkoop, die ander wil dit graag vir jou betaal. Totdat jy in die moeilikheid kom met jou afbetalings en by die minste teëslag nie jou verpligtings kan nakom nie.

Dit is 'n belangrike oorsaak van die finansiële puinhoop in die Verenigde State. Per kop is daar 'n gemiddelde skuld van \$9000, volgens die syfers van 'n paar maande gelede. Hierdie syfers het betrekking op die verbruikerskrediet. Verder word die huisverbande steeds groter, in die verwagting dat die huise meer werd sal word. Al daardie geld is ook by voorbaat al uitgegee. Hoekom nie?

Ons leer om te bid vir daaglikse brood. Dit is brood vir vandag. Wie dit vir die Here vra, belowe hiermee implisiet dat hy dankbaar en tevrede (!) sal wees as hy dit kry. Ons vra nie brood vir môre nie. Daarmee kom saam dat dit nie die bedoeling is om die brood van môre vandag al op te eet nie. Wat presies die geval is by verbruikerskrediet. Mense word in die geleentheid gestel om geld uit te gee wat hulle nog nie eers verdien het nie. Let wel, en dit alles in 'n wêreld vol teëslag, waarin alles lank nie altyd uitwerk nie, waarin selfs jou gesondheid 'n brose besit is. Die geleende bedrag per persoon sal ook in hierdie land glad nie laag wees nie. Mense en banke gaan tot die uiterste. Totdat jou kop vol sit met materiële hoogmoed of wanhoop.

Skat en seën

(AP de Jong, 2008)

Wat kan ons leer uit hierdie ekonomiese krisis waarin ons ons begeef?

Hierdie gebeurtenisse wys vir ons wat die risiko's is van 'n te hoë verband. In baie gevalle gaan veral jong mense finansiële verpligtings aan wat geen ruimte laat om enige teëslae op te vang nie. En die ontvang van kinders moet dan uitgestel word vanweë die noodsaak om twee volledige salarisse in te kry. Daarmee skei ons egter wat God saamgevoeg het. By die sluiting van 'n huwelik hoort prinsipiël die bereidheid om kinders te ontvang. Laat ons dan ook in hierdie weg soek om God se seën te ontvang.

Verder onderstreep dit die waarskuwing van die Here Jesus in die Bergrede om geen skatte op aarde te versamel nie, waar hulle deur 'n mot van gestadige beursprobleme of deur die roes van 'n kredietkrisis bederf kan word. Hoeveel mense verloor nie totaal en al hoop deurdat hulle (vermeende) rykdom in rook opgegaan het deur die krisis op die aandelemarkte nie? Laat ons in die eerste plek die Koninkryk van God soek, en skatte in die hemel soek deur weg te gee. Calvyn noem dit om weg te gee: die Christen stuur sy goedere vooruit na sy ewige Vaderland. En dit bied tog by verre die hoogste opbrengs.

Luister na die sleutel

H Walinga

Kom ons stel 'n gereformeerde Top Tien van die mees bespreekte sake in ons lewens op. Gesondheid op nommer 1? Of besig-besig-besig by die werk en in die kerk? Huis en vakansies op nommer 2? Of die motor en die TV op 'n gedeelde tweede plek? Watter plek sal die preek inneem? As ons die stories kan glo, het die preek vroeër 'n hoë plek ingeneem. Ek weet van verskillende mense waar die preek nou ook nog elke week twee keer uitgebreid bespreek word.

Daar word soms gesê dat die preek die hart van die gereformeerde erediens is, die kragentrale vir die nuwe week

Nee, dit is nie my taak om riglyne te gee oor hoeveel keer ons oor die preek moet praat nie. Dit is wel my taak om die belangrikheid van die preek in die raamwerk van die liturgie aan te gee. En dit is belangrik Daar word soms gesê dat die preek die hart van die gereformeerde erediens is, die kragentrale vir die nuwe week. Dit is 'n sterk uitdrukking. Dit wys daarop dat die preek net so belangrik is vir 'n Christen as gesondheid vir 'n goed-funksionerende persoon of as petrol vir jou motor. 'n Siek mens funksioneer nie goed nie en 'n motor sonder petrol staan net sinloos 'n parkeerplek vol. Funksioneer u goed sonder 'n preek? Voel dit asof u sinloos geparkeer staan as u nie op Sondag die Woordverkondiging hoor nie?

Daar is in die verlede al baie oor die karakter van die prediking gepraat en geskryf. Vir Calvyn was dit baie belangrik: hy noem die preek die eksklusiewe middel

Daar is nie harder werk moontlik as in gebed nie

- K Schilder

waardeer ons die heil in Christus deelagtig word. Ander het meer aardse gedagtes gedink, soos die stadsbestuurders van Enkhuizen en ander plekke in Nederland, waar 'n sandloper op die preekstoel gestaan het, sodat die predikant nie te lank preek nie. In Amsterdam was daar selfs 'n boete vir die predikant wat nie betyds die "Amen" kon inkry nie! Uit eie ervaring weet ons almal dat sommige lang preke verby is voordat jy dit besef. Ook andersom: 'n kort preek met baie herhalings vat altyd te lank.

'n Vorige keer het ek al geskryf oor die Skriflesing in die erediens. Baie van die dinge wat ek daar genoem het, geld ook vir die preek: deur die geskiedenis is wisselende belangrikheid daaraan geheg. Vanaf die Reformasie neem die preek weer 'n groot plek in die liturgie in. Die "Verbi Divini Minister" (dienaar van die Goddelike Woord, m.a.w. predikant) bedien die Woord. Hy dien ook die gemeente deur die Woord aan haar uit te lê en toe te pas, om daaruit troos en vermaning aan te bied.

Ons mag nie onderskat wat besig is om hier te gebeur nie. Ons mag dit ook nie normaal vind nie. Want terwyl hy so dienend besig is, open hy die hemel deur vir mense wat die evangelie en/of vermaning aanneem en hy sluit die deur vir hulle wat die boodskap verwerp of ignoreer. Dit is sy amptelike taak. Die gemeentelêde se taak is om by elke preek (vervelig of boeiend, prakties of teoreties, geskik vir kinders of slegs vir die geofende luisteraar) te sien dat die deur oopgaan. Dit is 'n groot werk om die deur oop te maak. Dit is ook 'n groot werk om die deur te sien. Aktiwiteit. Niemand mag sê: "Dit het niks vir my beteken nie" – want die ampsdraer het wel die deur oopgesluit – of toe gesluit.

So gaan dit outomaties met 'n preek: dit vra om aktiwiteit. Daar mag nie 'n preek gehou word wat niks teweeg bring nie.

Kan u die liturgiese betekenis hiervan sien? Op die preekstoel staan nie maar net Jan, Willem, Dick of Henk nie, nee, daar staan 'n sleuteldraer. En in die gemeente sit nie maar net Marieke, Hans of Ellen nie. Nee, daar sit profete, priesters en konings wat 'n uitsig kry op die hemelse heerlikheid. Dit is 'n swaar verantwoordelikheid vir die preker en die luisteraar! Vir

die voorganger: maak hy die deur net op 'n skrefie oop of gooi hy dit wawyd oop? Sluit hy die deur versigtig, sodat hy nie die mense seermaak nie of gooi hy dit af en toe hard toe? Dit is belangrike vrae. En vir u, die luisteraar: probeer u om deur die smalste skrefie in te sluip? Of wag u op 'n deurtjie waarvan u dink dat dit geskik is vir u? Of stap u deur die amptelik geopende deur met die houding van: "Los maar, ek kan dit self regkry"?

Nou is ek tog besig om 'n riglyn te gee, terwyl dit nie my bedoeling was nie. So gaan dit outomaties met 'n preek: dit vra om aktiwiteit. Daar mag nie 'n preek gehou word wat niks teweegbring nie. Daar mag ook nie 'n preek ontvang word sonder dat u 'n bietjie meer uitsig op die hemel gekry het nie. Wanneer ons dan moet sê dat die preek niks beteken het nie, dan mag ons positief-krities na die predikant kyk. Maar dit sal goed wees as ons dit eers doen wanneer ons onself waargeneem het. Hoe het ek vanoggend in die kerk gesit? Met my oë gerig op die hemel deur wat vir my moes oopgaan?

Wanneer ons dan op 'n positief-kritiese manier na die prediker kyk, moet ons ook onthou dat nie elke predikant dieselfde gewes gekry het nie. Elke luisteraar het ook nie dieselfde vermoëns nie. Daar bestaan 'n spreuk wat sê: "n Goeie outeur is net so skaars soos 'n goeie leser". Ons sou dit ook kon toepas op die prediker en die luisteraar. Dit is 'n kompliment vir die gemeentes waar daar baie goeie preke gehoor word. Daar is dus ook baie goeie luisteraars.

Ten slotte: die prediking is die duidelikste deel van die liturgie waaraan ons kan sien dat die liturgie nie beperk word tot die eredienste nie. Die preek gaan saam huis toe. As dit goed is, gaan u daarmee aan die werk in u persoonlike liturgie, u persoonlike diens. U vertel dit verder of praat met mekaar daaroor. Want die hemel deur moet ook op Maandag en Dinsdag oopgaan. Nie net vir self nie, maar ook vir u gesin en selfs vir u bure en kollega's.

God se groot dade wat elke Sondag in herinnering gebring word, is nie net Sondagsdade nie. Die troos en die vermaning het 'n verdere reikwydte as slegs tot die koffie na die erediens.

Hope fills the afflicted soul with such inward joy
and consolation, that it can laugh while tears are in the eye
– sigh and sing all in one breath

- W Gurnall

Geborgenheid

J Wesseling

Pyn

Woedend smyt sy haar fiets teen die muur. Hulle sien haar vir eers nie weer by die Bybelstudievereniging nie. Sy het heel bewustelik haar vraag gevra. Maar niemand het daarop ingegaan nie. Ja, iemand het 'n grappie daarvoor gemaak. Sy het nie mooi gehoor wat daar presies gesê is nie. Maar in één hoek het almal begin lag. Dit het haar nog die meeste seergemaak. Die res van die aand het sy maar geswyg. Met trane brandend agter haar oë. Sy het geweet dat sy definitief in trane sou uitbars as sy nog iets sou moes sê. Hopelik het niemand dit gesien nie. Na die tyd het sy so vinnig as moontlik weggesluit. In 'n rekordtyd het sy met haar fiets huistoe gery.

Praat

Hulle het gepraat oor 'n paar wette uit die Ou Testament. Oor hoe jy jou in dié tyd moes voorberei op die ontmoeting met God. Skielik het dit haar laat dink aan dié Saterdagand. Vir haar was dit regtig moeilik gewees. 'n Hele paar leeftydsgenote het lekker gaan stap. Of by vriende gaan kuier. In elk geval het hulle baie laat in die bed gekom. En dan kla hulle dat hul sukkel om hul gedagtes by die preek te hou. Soms het sy saam gepraat. Maar agterna het sy telkens onvoldaan daarvoor gevoel.

Sy het dit heel versigtig geopper. Veral omdat sy geweet het dat dit by sommiges ook sleg gegaan het op Saterdagande. Jy kon seker net sowel by vriende televisie kyk. Sy wou niemand seermaak nie. Sy wou vir 'n slag net oop en eerlik daarvoor praat. Of ander dit ook so beleef. Hoe kan 'n mens, as jeug van God, mekaar nie miskien hierin help nie?

Sy het baie kwesbaar gevoel. Sy was glad nie so 'n groot prater nie, en definitief nie by Bybelstudie nie. Niemand het ernstig daarop ingegaan nie. Terwyl sy verseker geweet het dat ander ook met hierdie probleem worstel. Dit het amper gelyk of hulle in die groep bang was om iets van hulleself te wys. So 'n (sogenaamde) snaakse opmerking was natuurlik 'n goeie skuilplek vir hulle. Lekker veilig. Maar wel ten koste van haar.

Nie verstaan

Sy word alweer 'n bietjie rustiger. Noudat sy daarvoor nadink, kom sy agter dat dit meer gereeld voorkom. Eintlik gaan daar baie dinge stukkend tussen mense. Al kom jy baie goed met mekaar oor die weg, dan nog steeds. Dit het sy in haar verhouding agtergekom. Haar vorige vriend, sy was mál oor hom. Maar hulle kon nie regtig met mekaar praat nie. Stadig maar seker het hulle uitmekaar gegroei. Amper teen hulle wil. Met Karel is dit gelukkig heel anders. Af en toe is daar nog steeds misverstande. Daardie tye waarop sy regtig nie verstaan word nie. Sulke tye kan sy skielik baie alleen voel, ook al loop hulle fisies naby aan mekaar.

**Jy sal daar durf wees
presies soos jy is,
oop en bloot**

Hoe moet dit dan nie wees by mense wat mekaar maar net oppervlakkig ken nie! In die kerk byvoorbeeld. As dit in die kerk net so gaan soos vanaand by Bybelstudie, dan moet baie mense hulle teen onbegrip vasloop. En soms baie alleen wees.

Dit het haar al opgeval hoe gemaklik mense hulle oordeel gereed het. Hoe min mense hulle inspan om regtig agter te kom wat iemand besiel. Miskien is dit dít wat haar vanaand die meeste teleurgestel het. Dit het gelyk of niemand belangstelling gehad het vir wat háár besig hou nie. Ja, dit was die probleem. Die egoïsme. Die so-op-jouself-gerig wees. Die onvermoë of die onwilligheid om regtig te luister. Agter haar woede het 'n skreiende verdriet skuil gegaan.

Angs

Skielik moet sy dink aan die sondeval. Toe is dit alles veroorsaak. 'n Mens sien dit al by Adam en Eva. Die angs om jouself te ontbloot voor ander. Blykbaar het hulle al klaar nie meer veilig gevoel by mekaar nie. Hulle praat hul eie paadjie skoon, ook al gaan dit ten koste van 'n ander.

Dit is vir haar heel "herkenbaar". Sy is nie so 'n prater nie, omdat sy haarself baie moeilik toevertrou aan 'n ander. En dit is ook nie in haar aard om dit met 'n gebabbel te verbloem nie. Vlymskerp voel sy by ander aan dat al die woorde en gevatte grappies net 'n masker was. Vanaand ook: sy het gewaag om kwesbaar te wees,

**Pelagianisme is die natuurlike dwaling
van ywerige christene
wat nie geïnteresseerd is in die leer nie**

- JI Packer

maar ander het misbruik daarvan gemaak. Net omdat hulle te bang was om hulle binnekant te laat sien. Haar teleurstelling vloei effens weg.

Dit het natuurlik te make met die gevolge van die sonde. Die ander moes tog ook dieselfde moeites as sy in hulle binneste gehad het. Anders het jy mos nie nodig gehad om jouself so te beskerm nie? Miskien kies hulle nie eers bewustelik dié houding nie. Miskien was dit verleentheid. Moontlik probeer hul maar net 'n houding aanneem waarby hulle by die groep inpas. Met die meeste van hulle kom sy goed oor die weg, maar dit lyk amper asof hulle anders optree in die groep as wie hulle in werklikheid is.

Verlange

Sulke oomblikke kon sy heel intens verlang na die nuwe aarde. Dan was dit alles verlede tyd. Dan hoef jy nie meer heel versigtig te begin oor 'n ontmoeting met God nie - omdat dit moeilik vir jou is, omdat dit so buite jou lewe bly staan. Vir almal sal dit dan die normaalste saak van die wêreld wees dat jy so intens daarmee besig is.

Sy kon ook baie daarna verlang dat alle mense mekaar sommer net so sal verstaan. Soms selfs sonder om 'n woord te wissel. 'n Blik van herkenning. 'n Oogknip van verstandhouding. Of 'n begrypende skouerkloppie. Iewers het sy geles dat jy daar mekaar se siel sal kan lees. Jy sal daar durf wees presies soos jy is, oop en bloot. Sy kan nie nou daaraan dink nie. Dat alle mense dadelik met die eerste oogopslag weet wat in jou diepste binnekant leef. Stel jou voor! Sy breek sommer in angssweet uit. Haar gedagtes, haar fantasieë, haar gevoelens, haar tekortkominge. Selfs teenoor God is dit vir haar al baie moeilik.

Soms voel sy enorm veilig by God. Al veg die gevoel van geborgenheid en van angs gereeld vir voorrang.

En daar sien 'n mens maar weer net: Sy ervaar self probleme daarmee. Die skaamte. Die oomblik as iemand anders in beeld kom, die afwerende reaksie. Ter selfbeskerming.

As God verplig was om genadig te wees, dan is genade nie meer genade nie, en is verlossing gebasseer op menslike verdienste en nie op sola gratia (genade alleen) nie.

- JM Boice

Veilig

Wonderlik eintlik, dat die Here dit alles reeds van haar weet. En tog hou Hy net so van haar, net soos sy inmekaar gesit is. Dit is nie heeltetal so 'n gewone saak nie, dit verstaan sy. Soms voel sy enorm veilig by God. Al veg die gevoel van geborgenheid en van angs gereeld vir voorrang.

Eintlik was dit al 'n voorbode van eendag. Die gevoel van regtig veilig voel by God, dit moet op die nuwe aarde heeltetal volmaak wees. Haar verhouding met Karel kry skielik vir haar 'n ekstra dimensie: daar sien jy weer iets van die paradys terug. Iets van die harmonie tussen 'n man en 'n vrou, wat veilig voel bymekaar. Wat dit waag om kwesbaar te wees voor 'n ander. Sonder die angs dat daar dadelik misbruik van gemaak sal word. Nee, sy was nugter genoeg om te besef dat daar dan nog gereeld misverstande sou intree. Hulle was nog onderweg. En die pad stap hulle sáám, gelukkig maar!

Vorbode

Sy voel 'n milde, rustige gevoel deur haar stroom. Die sonde het baie harder toegeslaan as wat sy ooit besef het. Alle kommunikasie tussen mense het geweldig daaronder gelei. Kommunikasie, dit het iets te make met gemeenskapsoefening. Saam wees. Saam leef. Saam praat. Sonder sturings en misverstande. Haar verlange groei. Dit gaan iets wonderliks wees, op die nuwe aarde. Miskien is elke goeie kontak en goeie gesprek al 'n voorbode. Juis in die kerk. As sy nou sou probeer om iets daarvan uit te straal? Luister Regtig aandag gee Kwesbaar durf wees Gewoon ander iets laat proe van later

Volgende keer sal sy gewoon weer Bybelstudie toe gaan. Dit begin vir haar amper 'n uitdaging raak.

Kom, sy moet haar fiets nog in die tuinhuisie gaan bêre. Al fluitende loop sy agterdeur toe.

Binnekort 'n ander kerklike prentjie?

J van der Linden

Daar word die afgelope tyd baie gepraat oor die ekonomiese krisis waarin die wêreld verkeer. In Suid-Afrika voel ons dit ook aan eie lyf. Maar wat is die gevolge hiervan vir die kerklike situasie in ons land?

'n Mens sou na baie verskillende sake kon kyk. Ek wil egter kortliks aandag vra vir iets wat miskien nie so voor-die-hand-liggend is nie. Ons land is vol kerke wat die sogenaamde “prosperity gospel” (voorspoeds-/welvaarts-evangelie) in een of ander vorm verkondig. In hierdie huidige ekonomiese krisis kom daar groot geloofsworstelings en vrae op hierdie kerke af. Maar as God dan rykdom belowe, hoekom begin ek al hoe swaarder trek? En nie net ek nie, maar almal hier rondom my in die kerk.

Dit is die groot verskil met 'n jaar of twee gelede. Toe is finansiële agteruitgang oor die boeg van persoonlike geloof gegooi. “Jou geloof is te klein”. Finansiële agteruitgang moes op die persoonlike vlak gelê het. Daar kon immers by genoeg ander gemeentede op finansiële groei gewys word!

Maar nou het dit tog anders geword. Hele gemeentes begin saam swaar kry. By die worstelings kan nie meer na die individu gewys word nie. Dit is nou 'n identiteitskrisis van die hele gemeente. Wat glo ons en hoekom word dit nie werklikheid in ons lewens nie?

Wie sy oor op die grond het, weet dat hierdie vrae werklik op die oomblik by baie mense leef. Selfs in die kerk van Christus gaan die vrae oor God se Vadersorg nie by ons verby nie. Hoeveel te meer by mense wat glo dat God se Vadersorg *altyd* inhou dat Hy ons in hierdie lewe ryk wil maak?

Die tydskrif *Time* het in 2006 'n opname onder Christene gemaak of hulle glo dat God hulle in hierdie lewe ryk wil maak. 60% van die christene in Amerika het hierop bevestigend geantwoord. Skrikwekkend! En sou dit hier in ons land soveel anders wees?

Deur hierdie ekonomiese krisis is die Here besig om miljoene mense wat hulself Christene noem in die hart van hulle geloof te tref. In een keer 'n slag van enorme proporsies! Soveel mense se selfgeboude fundamente het verkrummel, hoe nou verder?

Die kerke wat hierdie welvaarts-teologie preek, kan hierin geen weg wys nie, behalwe om die juk net nog swaarder te maak. “Maar jy moet nog meer... Jy wat in die geloofskrisis is, jy moet 'n groter geloof hê”. Daar word net nog harder geroep dat God se liefde vir jou gemeet word aan die materiële.

Hoeveel mense sal nie in hierdie tyd deur so 'n “evangelie” (groot las!) geknak word nie? Hoeveel sal nie totaal ontnugter word deur hierdie kerke en dit verlaat nie? Hoeveel sal nie al soekend en worstelend die vrede van God begeer nie?

Hoeveel? Nee, ons weet nie. Ons kan na die syfers kyk, ons kan kyk na wat ons hoor op straat, en ons kan hieruit afleidings maak. Maar hoe dit presies alles sal verloop, weet die Here alleen.

Tog kan ons meer sê as net dit. Hierdie is nie maar net 'n stukkie interessante inligting wat ons van die kantlyn af kan dophou nie. Ons glo en bely immers dat God die wêreld regeer met die oog op sy kinders en sy kerk. Ons het almal die afgelope jare gesien hoe die kerk van Christus lede verloor het omdat hierdie mense gesmag het na meer belewing. Hulle wou die werklikheid van God in hulle lewe sien en voel. Hulle wou die oorwinning van die Christelike lewe proe in hulle alledaagse bestaan. Hoeveel van hierdie mense was nie juis ernstige kinders van God nie? En hoeveel van hulle is nie na kerke waar onder andere hierdie welvaarts-teologie gepreek word nie, juis as die proe en die sien en die voel van God se hand in my lewe?

**Ons glo immers aan die God
wat ook die verkeerde
afbreek, juis met die oog om
dit weer reg op te bou**

Ja, en hoeveel van hulle is nie nou deur onse God weer soekend gemaak nie? Ons glo immers aan die God wat ook die verkeerde afbreek, juis met die oog om dit weer reg op te bou (Jer 1:10)! God wat 'n krisis in die lewe van sy kinders bring, omdat hulle nie onder goeie herdersorg staan nie, omdat hulle Sy stem nie hoor nie, omdat hulle die werklike groen weivelde nog nie ken nie.

Hierdeur kom daar tog weer vrae op óns af. Hierdie kinders van God wat in hierdie finansiële krisis soekende is, vind hulle werklik iets anders by ons? Of het ons net 'n ander vorm van “welvaarts-teologie”? Byvoorbeeld deurdat ons bly uitkyk na ander plekke of lande waar dit vir ons beter is; deurdat ons nou klouerig aan “ons” geld begin word het; deurdat ons ook permanent angstig praat oor finansies en versorging; deurdat ons al ons energie spandeer om nuwe planne te maak sodat ons ons lewenstandaard kan handhaaf; deurdat ons die werk van God wat gedoen kan word, afhanklik maak van finansies.

Laat ons tog hierin bly worstel voor die aangesig van die Here, dat ons, as kerk van Christus, ook werklik *in sy wese* iets totaal anders sal sigbaar maak. Iets egs, iets wat werklik spreek van 'n geloof ondanks...

Ons betoog te veel; ons bid te min

- K Schilder

'n Geloof dat die lewe in die woestyn maar net beteken dat ons weer afhanklik geword het van die manna wat moet val, direk uit my Vader se hand.

'n Vertroue dat ek aan die kruis die volheid van my God se liefde vir my sien, en dat al die ander moeites aan hierdie liefdesband moet meewerk.

Met blydschap kan sing: *Geloofd sy God met diep ontsag, want Hy oorlaai ons dag en nag, met ryke seëninge, terwyl ons die droë brood onder mekaar verdeel.*

In rus te kan praat oor my rykdom, ook al het ek alles verloor. Want ek ken Hom wat gekies het om arm te word, sodat ek vir ewig ryk sal wees!

Hoe mooi kan die kerk van Christus in hierdie tyd sigbaar maak wat is egte geloofsbeewing is: Ons vreugde word nie bepaal deur ons omstandighede nie, maar deurdadig ons 'n God in die hemel het! Hoe mooi sou ons as kerk van Christus aan die "soekendes" hierin kon wys wat dit beteken om "tuis te kom" by ons Vader.

Mag die Here hierdie finansiële verontrusting gebruik om al sy skape in een sigbare kraal te bring, onder leiding van die Goeie Herder. Want dan sal aan geeneen van ons iets ontbreek nie (Ps 23:1)!

Die bouplan gaan voort (Nehemia 2)

C van den Berg

Agtergrond

Dit is al amper 100 jaar vandat die eerstes uit ballingskap teruggekeer het. Die kinders van God belewe nog steeds geen veiligheid in Jerusalem, die stad van God, nie.

Wie verander dit? Wie kan dit doen? Die mense in Jerusalem? Nehemia - aan die koninklike hof in Susan? Wie kan die toestand in Jerusalem omkeer?

Geen mens nie, ook nie Nehemia nie. Net God kan. Nehemia 2 vertel hoe.

Geroep deur God

Omtrent 3 tot 4 maande het verbygegaan vandat Nehemia die hartseer berig ontvang het. Dit het hom baie seergemaak. Jerusalem was ook sy stad. Die volk waaraan hy behoort, woon daar: Israel. Hy wil so graag iets vir hulle doen. Hy voel hom geroepe om te

Wag op God se tyd

Maar wat kan Nehemia doen? Hy is hand en voet gebind aan sy meester, die oosterse vors. 'n Mens kan nie sommer met jou versoek vorendag kom nie. Nie sonder sy toestemming nie. Al is 'n mens die mooiste van die hele wêreld en koningin. Onthou koningin Ester en wat sy sê:

Ester 4:11: "Al die dienaars van die koning en die volk van die provinsies van die koning weet dat vir elke man of vrou wat na die koning in die binneste voorhof ingaan, sonder dat hy geroep is, een en dieselfde wet geld: hy moet gedood word; behalwe wanneer die koning sy goue septer na hom uitsteek, dat hy mag lewe; en ek is nou al dertig dae lank nie geroep om by die koning in te kom nie."

Hierdie sale was so gereël met die oog op moontlike aanvalle. Die koning was nie toeganklik nie, geen risiko's is geneem nie. Selfs vir Ester was dit 'n guns wanneer die septer na haar toe uitgesteek word en sy dan haar versoek aan die koning kan rig. So was dit by Ester se man, net so by sy opvolger, vir wie Nehemia gewerk het.

'n Ongelukkige oomblik (Vers 1-2)

Nehemia moet maande wag. Vanaf die maand Kislew tot die maand Nisan. Dit is omtrent 3 tot 4 maande. Dan eers breek die oomblik aan. En, wat 'n oomblik. Regtig nie die een wat Nehemia sou uitgekies het nie. Sy gedagtes was nie by sy werk nie. Sy gesig het baie bedroefd gelyk.

O nee, met so 'n gesig mag 'n mens nie by die koning kom nie. Dit word net nie gedoen nie. Stel jou voor dat jy die oorsaak is dat die koning sy humeur verloor. Met al die gevolge vir jou. Dit is nie verniet dat Nehemia baie bevrees geword het nie (vers 2).

'n Mens sorg eers dat jyself in orde is en met 'n vriendelike gesig voor die koning staan. Dit werk nie, Nehemia kan homself nie beheers nie. Die hartseer oor Jerusalem beheers hom, heeltemal. Soms vervaag hartseer. Maar nie wanneer die toestand van God se stad en Sy volk so ellendig is nie. Selfs na maande oorheers dit nog vir Nehemia.

Die koning sien dit en vra hom daarvoor uit. Nehemia is doodsbened. Een verkeerde woord en sy einde is in sig. So was dit ook by Ester (Est 4:16): "as ek omkom, dan kom ek om."

The devil baits his hook with religion

- T Watson

In die hoop dat dit goed deur die koning ontvang word, stort Nehemia sy hart uit. Hy vertel oor die stad van sy vaders, oor Jerusalem. Verwoes en deur vuur verteer.

'n Moeilike onderwerp (Vers 3)

Hoe kan Nehemia nou daarmee by die koning aankom? Wat beteken Jerusalem vir hierdie man? 'n Stadjie in 'n uithoek van sy koninkryk. Die hoofstad van 'n volk wat onderwerp is. En watter volk? As die man ondersoek instel in die geskiedenisboeke, wat sal hy daar vind? (Esra 4:19)

“En deur my is bevel gegee, en hulle het gesoek en gevind dat dié stad van ouds af hom teen konings versit, en dat rebellie en oproer daarin verwek is.”

Hierdie ondersoek het al 13 jaar gelede plaasgevind. In opdrag van die man vir wie Nehemia werk, nl. Artasasta (Esra 4:7,23). Toe het hy beveel dat die bouwerk in Jerusalem gestaak moet word. Sal hy sy eie bevel sien, en dit in die land waar die wet van Mede en Perse nie herroep mag word nie? Wat besiel Nehemia om met die bou van Jerusalem vorendag te kom? Slegs sy liefde vir Jerusalem! (Psalm 137:5)

“As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet!”

En vertrou op God! Die God van die hemel. God vermag baie. God kan doen waaraan ons nie eens durf dink nie. Vir Hom is niks onmoontlik nie. Ook nie om 'n oosterse vors gunstig te stem nie.

'n Onmoontlike versoek (Vers 4-5)

Die koning vra: “Wat soek jy? Wat is dan jou begeerte?” Ja, wat kan jy waag om van so 'n man te vra? Baie versigtig vra vir versagtende omstandighede? Dit is baie om te vra vir 'n onderworpe volk en 'n opstandige stad. Wat sal jy so 'n vors vra? Hoe ver durf jy gaan?

“En ek het tot die God van die hemel gebid”

Nehemia staan voor die koning, daar en dan. Hy is in gesprek met hom. Tydens die gesprek bid hy. 'n Skietgebedjie. Een van die min kere dat dit voorkom in die Bybel. Wat hy bid word nie genoem nie.

In hoofstuk 1 word 'n heel uitvoerige gebed weergegee. Dag in, dag uit - so bid Nehemia. Wat dit betref is sy skietgebedjie opgeneem in sy intensiewe gebedslewe. Soms kan 'n gebed baie kort wees. Terwyl jy werk. Bid, terwyl geen mens dit kan hoor of

sien nie. 'n Noodroep: “Here help, laat my plan slaag!” Wat sal Nehemia vir die koning vra? Hoe ver durf hy gaan? Dan uiter Nehemia die woorde (Neh 2:5):

“As die koning dit goedvind en as u dienaar welgevallig is in u oë, stuur my dan na Juda, na die stad waar my vaders begrawe lê, dat ek dit kan opbou.”

Jerusalem herbou, wat 'n yslike plan! Hoe durf Nehemia dit vra? Hy weet hy is deur God geroep. Hy weet God het die herbou belowe. Dit is sy houvas. Dit gee hom moed.

Die bouplan goedgekeur (Vers 6)

Die koning se reaksie? Hy staan dit sowaar toe! Hoekom? Sommer net so 'n goeie werker wat hy vertrou en nie wil mis nie, laat gaan...? Vir 'n lang tyd. Wat het hom daartoe beweeg om aan Nehemia se versoek te voldoen? Die feit dat die koningin langs hom sit? Waarom word dit juis nou genoem? Wil die koning in haar teenwoordigheid vriendelik bly?

Een ding is seker, Nehemia se God is magtig. Hy is die God van die hemel. Die God van Israel. Hy sorg. Hy maak die koning 'n medewerker. Deur sy gevoelens en gedagtes so te buig dat hy vriendelik teenoor Nehemia en sy plan gestem is. Vir Jerusalem.

So is God. Hy is in beheer van alles. Toe en ook nou. God knie mense soos wat Hy hulle wil hê. Selfs die mense wat dink hulle is in beheer. Al glo hulle glad nie in God nie.

Dit is bemoedigend. Miskien is jy ook soms bang, nes Nehemia. Dis moontlik. Ons is nie anders nie. Hoekom 'n boek soos Nehemia? Om te wys wie God is en dat Hy daartoe instaat is. Ons lees veral 'n boek oor God. Oor die wonderwerke van God. Om in God te leer glo. Om te glo dat Hy alles in Sy hande het, dat die mens nie kan roer of beweeg sonder Sy wil nie. (Sondag 10 HK)

So is ons God en Vader.

Skouer aan die wiel (Vers 7-8)

Vers 7 en volgende handel oor hoe die plan aangepak word.

'n Mens sien dat Nehemia verstandig nadink en beplan. Sy plan het met verloop van maande vorm aangeneem. Om te begin, benodig hy goeie briewe. Briewe van niemand minder as die koning self nie. Geloofsbriewe vir regeringsamptenare van die lande waardeur hy moet reis. Ook briewe om boumateriaal te bekom. Met dergelike briewe van die koning self, staan jy sterk. Al

Bekering sal nie maak dat jy Christus sien nie, maar om Christus te sien sal jou bekeer

- CH Spurgeon

die mense langs die pad, is in diens van dieselfde koning, dus moet hulle hul samewerking gee.

Almal wat betrokke is, moet saamwerk. Saamwerk aan die herbou van Jerusalem. Alles moet ten goede meewerk. En dit omdat God se hand oor Nehemia is. Soos ons iemand se hand voel wat ons aanraak, so was God se hand voelbaar en sigbaar in baie dinge.

Boumateriaal vir 'n Nuwe Jerusalem (Vers 8)

Hout word genoem. Baie hout is nodig. Vir die poorte en nog baie ander (vers 8). Jy lees in die Bybel van nog 'n ander Jerusalem wat met baie mooier materiaal gebou is.

(Jes 54:11,12)

“ Kyk, Ek lê jou stene in kunsklei, en Ek grondves jou in saffiere; en jou borswerings maak Ek van robyne en jou poorte van karbonkels en jou hele ringmuur van edelgesteentes “

So sien ons dit ook in die laaste Bybelboek (Openb 21). Ons gaan 'n skitterende Nuwe Jerusalem tegemoet. Wat 'n teenstelling met die stad wat Nehemia bou. Dié een van baie hout. Later, 'n stad van die mooiste edelgesteentes.

Ons is nou in die boufase wat daar eindig. Binnekort word die hele wêreld verander (omgebou), in 'n Nuwe Jerusalem. Klink ongelooflik, né.

God kan. God doen. Sy Gees is alreeds besig. Die Gees met Sy groot krag. In Sy kerk werk Hy. Om van jou so 'n edelgesteente te maak en deur jou, lig te laat skitter na alle kante toe. Na God en n die hemel – en na die aardbewoners toe.

Bouers gesoek (Vers 11-18)

Met die beste briewe in sy sak, begin Nehemia se reis. Met geloofsbriewe van die koning self. Selfs 'n afdeling soldate het hom vergesel. Nehemia reis nie allennig nie, of in 'n kwesbare geselskap nie. Nee, hy kry uitstekende begeleiding en beskerming. Alles in puik orde vir 'n voorspoedige herbou.

So kom Nehemia in Jerusalem aan. Na 'n paar dae spring hy aan die werk. Eerstens 'n uitgebreide ondersoek. Snags. Blykbaar om sy plan nog geheim te hou en ongehinderd sy werk te doen. Wanneer hy gereed is, maak hy dit bekend. Aan die leiers van Jerusalem, die priesters, die edeles en ander amptenare.

Allennig kan jy nie 'n hele stad weer opbou nie. Dit is 'n te groot werk. Jy benodig baie bouers. Bouers vanuit Jerusalem en omstreke. Waarvandaan anders? Dan moet die mense egter aangespoor word. Motivering is nodig. Israeliete, net so goed soos ander mense.

Hoe motiveer Nehemia hulle? (vers 17)

1. Jy sien die rampspoedige toestand van Jerusalem. Dus neem jou nood in oënskou en weeg dit; leer jou ellende ken.
2. Kom, laat ons herbou. Hy begin met aansporing. Kom julle, skouer aan die wiel. Moet al hierdie lelike dinge dan nog langer oor ons vertel word? Wat 'n skande. Dit maak seer as daar so van Jerusalem gepraat word. So minagting oor die volk van God.

Word hulle deur hierdie aansporing getref? (vers 18)

“En ek vertel hulle van die hand van my God wat goed was oor my, en ook van die woorde van die koning wat hy my gesê het.”

Dit motiveer. Dit verrig wonderwerke. Jare lank al is daar nie meer aan Jerusalem gebou nie. En in een slag, hierdie pragtige besluit: “ons sal ons klaarmaak.” Dit is nie leë woorde nie, die daad word by die woord gevoeg. Daad met kragtige hand. Die uitwerking van God se hand – die hand van God wat goed was oor my.

Die hand van God laat mense aan die werk spring, en behoorlik ook. Almal saam.

Die bouplan betwis (Vers 190-20)

Jerusalem is die mooiste stad van die hele wêreld. Omdat dit die stad van God is en Hy daar woon. Wie sou hierdie stad nie bewonder en besing nie? Onbegryplik, tog is daar mense wat dit nie raaksien nie. Nie die goeie vir Jerusalem soek nie, maar die bose. Uit haat en jaloesie, teen God, teen Sy stad en Sy volk.

Nehemia het hulle ontmoet, in vers 10 en 19 word die vyande op hulle naam genoem. As afskrikmiddel: Sanballat en Tobia en Gesem. Telkens kom hulle voor in hierdie boek (hfst 4). Hulle eerste geluide is spot en veragting. Verneder die stad van God. Verkleiner. Minag. Maak dit belaglik. Selfs met leuens oor 'n rebellie.

“Wil julle teen die koning rebelleer?”

Tot onlangs was dit verbode om aan Jerusalem te bou. Nou het Nehemia die beste briewe, briewe van die koning self! Hoe beantwoord 'n mens spot en minagting? Nehemia beroep hom op God. God is met hom. God maak alles reg. Sy planne misluk nie. In Sy diens kom geen dienskneg tweede nie.

We do not sanctify God's name when we come to hear the Word unless we come with trembling hearts

- J Burroughs

En wat van die spotters? Hulle het geen deel aan Jerusalem nie. Vir hulle is daar geen plek in die stad van God nie. Tobia het handlangers wat daar woon, samesweerders. Nogal familie ook (Neh 6:18). Dit is moeilik vir Nehemia, maar sy antwoord is duidelik: vir spotters is daar geen plek by God nie.

Nie almal kom in die Nuwe Jerusalem nie. Baie bly buitekant, want daar mag geen onreinheid inkom nie. Niemand wat gruwelike dinge doen nie en 'n leuenagtige lewe lei nie (Ps 15, 101 en Openb 21:27). Jerusalem is net vir hulle wat wil saambou.

Betreffende vandag – God se bouplan is in die eindfase. Die nuutste Jerusalem is aan die kom. In die stad die mooiste bruilof. Hoort jy by die bouers? Of is jy net 'n toeskouer? Of kyk jy selfs minagend toe? Die Nuwe Jerusalem is slegs vir bouers. Spotters bly buitekant.

Christelik normatiewe onderwyskursus

Die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studies (Aros) het in samewerking met die VCHO 'n kursus ontwikkel vir alle onderwysers sowel as onderwysstudente aangaande hoe Christelike-onderwys in die praktyk moet realiseer. Hierdie kursus berus daarop dat Jesus Christus, die groot leermeester is. Christus maak van gewone, sondige mense gebruik om dit wat Hy wil, te onderrig. Die belangrike rol wat die christen-onderwyser in die samelewing inneem word hierin duidelik en prakties uiteengesit.

Die kursus wil aktuele onderwerpe soos dit voorkom in die huidige onderwysituasie aanspreek. Soos alles in die koninkryk van God is daar ou en nuwe dinge. Die "ou goud" sal 'n bekende klank wees: God roep en ons luister. God se Woord is die basis van alle onderrig.

Daar is egter ook die nuwe. Deur stimulerende bespreking en vrae word die ontwikkeling en groei van die christelike onderwyser moontlik. Slegs so kan 'n christelike onderwysbeweging dinamies en aktueel bly.

Dit is bekend dat nie alle onderwysers met toetreding tot die beroep gedurende hulle opleiding blootstelling gehad het aan die christelike beginsels van opvoeding nie. Die kursus wil daardie leemte aanspreek, deur aan

te toon dat die Christendom homself op opvoedkundige terrein kan handhaaf teenoor populêre denkrigtings wat suiwer op 'n humanistiese en sosialistiese vertrekpunt gegrond is.

Die volgende onderwerpe geniet aandag:

- Die doel van Christelike onderwys en opvoeding
- 'n Christelike skool
- Die Christen-onderwyser
- 'n Bybelsgefundeerde kurrikulum
- Bybelsgefundeerde metodiek
- Orde en dissipline
- Evaluering uit Bybelse perspektief
- Die plek van 'n Christenskool in die gemeenskap
- Die bestuur van 'n Christelike skool
- Die Christen-onderwyser as ligdraer
- Christelike vakbenaderings

Hierdie kursus is gegrond op waardes. Dit wil die ewige waarheid of toepaslikheid van God se Woord op die onderwysterrein duidelik maak. Dit wil waarde toevoeg tot die lewens van christen-onderwysers wat, in die meeste gevalle, in uiters moeilike omstandighede, hulle roeping probeer vervul. Die kursus hoop om waardevol te wees op drie vlakke:

Eerstens om te voldoen aan 'n dringende behoefte. Die dringende noodsaak wat die afgelope tyd toenemend na vore getree het om christen onderwysers op 'n geloofsvlak by te staan, word aangespreek. Omdat geloof bestaan uit vertrouwe en kennis, is dit nodig om kennis rondom die onderwys, as roeping voor die Here weer uit te lig. As hierdie kursus daartoe bydra om slegs eën christen onderwyser op sy pos te hou, te versterk en te bemoedig, was dit waardevol.

Tweedens om moeë arms en bene weer sterk te maak. Daar word gepoog om christen onderwysers te versterk in hulle persoonlike geloofslewe, ook in die uitvoering van hulle beroep. Daarvoor is nodig dat die kursus aan twee vereistes voldoen naamlik: dat dit Bybelgefundeerd sal wees en ook die alledaagse lewenspraktyk van die onderwyser aanspreek. Die kursus slaag goed in hierdie opsig.

Derdens om samewerking te bevorder. So dikwels bestaan daar 'n gevoel van alleenheid by christen-onderwysers. As die onderwysers tot die oortuiging kom dat daar baie ander christene is in die onderwysberoep met dieselfde behoeftes, probleme en vreugdes as hulle, is die waarde vanselfsprekend.

God se stok (wat ons tugtig) is 'n potlood
wat Christus se beeld duideliker op ons teken

- T Watson

Daar word gepoog om die christen onderwyser aan te moedig om deel van 'n onderwysbeweging te wees, wat wat sy krag in die dienswerk van Jesus Christus vind en sy vermoë om uitdagings te hanteer, verkry vanuit dië goddelike opdragte van die Here.

Persone wat graag meer van die kursus te wete wil kom, kan met mev. Pouwels tel no. 012 332 3227/8 skakel. Brosjures rakende die kursus is ook op aanvraag by Aros beskikbaar.

Mag die kursus daartoe bydra om onderwysers in hulle roeping te versterk en God verheerlik word deur aan die volgende geslag Sy groot daede bekend te maak.

God is not displeased with the strength of a horse and the legs of a man as good things that He has made. He is displeased with those who hope in their horses and in their legs. - JI Piper